AGRI'S GOT TALENT

WHATSAPP JOU INSKRYWING NA
082 372 1557
INSKRYWINGS SLUIT 31 JULIE 2024

VOLG JOU DROME!

Agri's Got Talent is 'n vaardigheids-ontwikkelings-program en sang-kompetisie vir landbouwerkers in die vrugte- en wynbedrywe.

www.agrisgottalent.com

Geborg deur:

Citrus Growers' Association · HORTGRO · SATI · SOUTH AFRICA WINE · Western Cape Government FOR YOU

KOMPETISIEREËLS

Die deelnemers sal deur 'n paneel beoordeel word wat deur die borge gekies is.
Die beoordelaars se besluit is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.
Die beoordelaars behou die reg voor om die toekenning terug te hou afhangende van die meriete van die inskrywings.
Slegs inskrywings wat met landbouwerkers in die vrugte- en wynlandbousektore (plase, pakhuise of kelders) verband hou, sal aanvaar word.
Indien jy as finalis gekies word, sal jy gevra word vir 'n bewys van indiensneming.
Maak asseblief seker dat al die besonderhede soos gevra saam met jou inskrywing ingedien word.
Deur vir hierdie kompetisie in te skryf, aanvaar deelnemers die kompetisiere reëls en vrywaar hulle die borge teen enige aanspreeklikheid in geval van besering of dood, of enige ander aangeleentheid wat ook al uit hierdie kompetisie mag voortspruit.
Hierdie kompetisie is slegs vir amateur musici. Geen leerders word toegelaat nie.

KRITERIA

- Moet 'n landbouwerker in die vrugte- en/of wynbedryf wees en op 'n plaas, in 'n pakhuis of in 'n kelder werk/gewerk het vir 'n totaal van drie maande of langer gedurende die afgelope 12 maande.
- Jy mag slegs inskryf indien jy 'n landbouwerker in een van die volgende bedrywe is: appel, peer, pruim, perske, nektarien, appelkoos, kersie, sitrus, granaat, droëvrugte (binne die sagtevrugtebedryf, rosyne uitgesluit), bessies, wyn- en tafeldruiwe.
- Deelnemers moet 18 jaar oud of ouer wees en reeds hul skooloopleiding voltooi het.
- Mag in enige Suid-Afrikaanse inheemse taal inskryf.
- Mag slegs as 'n sanger inskryf – geen groepe nie.
- Vorige Top 10-finaliste mag nie weer inskryf nie.

Die top 10 deelnemers sal deelneem aan 'n weeklange vaardigheidsontwikkelingswerkswinkel in die Wes-Kaap vanaf 7 tot 11 Oktober 2024. Hulle sal hul talente op die verhoog ten toon stel, en die wenner sal deur 'n paneel beoordelaars gekies word. Die aankondiging van die wenner sal onmiddellik na die finale vertoning plaasvind.

HOE OM IN TE SKRYF

1.

Neem 'n videogreep of stemnota op wat nie meer as 3 minute lank is nie.

2.

Sluit die volgende besonderhede by die boodskap in:

Naam en van
ID-nommer
Eie kontaknommer
Naam van plaas, pakhuis of kelder
Pos op die plaas
Hoe lank jy al op die plaas,
in die pakhuis of in 'n kelder werk
Naam van jou naaste dorp

3.

Stuur jou inskrywing via WhatsApp na 082 372 1557.

Navrae:
021 870 2900
083 642 5342
info@agrisgottalent.com